

Februarie  
2012Posbus 20  
Hermanus 7200

|                                 | Telefoon                          | Faks         |
|---------------------------------|-----------------------------------|--------------|
| Hermanus                        | 028 313 8000                      | 028 312 1894 |
| Gansbaai                        | 028 384 8300                      | 028 384 0241 |
| Kleinmond                       | 028 271 8400                      | 028 271 4100 |
| Stanford                        | 028 341 8500                      | 028 341 0445 |
| 24 Uur Beheerkamer<br>Brandweer | 028 313 8000/8111<br>028 312 2400 |              |

# Bulletin

Amptelike nuusbrieff van Munisipaliteit Overstrand

## JAARVERSLAG WYS PAD VORENTOE AAN OUDITMENING OOR FINANSIËLE STATE ONGEKWALIFISEERD

Die 2010/2011-jaarverslag van die Overstrand Munisipaliteit is op 'n spesiale raadsvergadering wat op 25 Januarie 2012 gehou is, deur die Uitvoerende Burgemeester, rdl. Nicolette Botha-Guthrie, ter tafel gelê en die goeie nuus is dat ons vir die vyfde agtereenvolgende jaar 'n ongekwalifiseerde auditverslag ontvang het.

In haar voorwoord sê die Burgemeester dat enige organisasie se jaarverslag uiters waardevol is en help om deur die hindernisse en slaggate van die verlede te stuur, om 'n maatstaf vir standarde van werkverrigting en mikpunte vir verbetering te stel.

Die verslag, wat nou 'n nuwe formaat het wat baie leesbaar en meer bruikbaar vir naslaandoelendes is, sal tot einde Februarie vir openbare insae en kommentaar deur ander rolspelers beskikbaar wees. Dit kan op die munisipale webtuiste [www.overstrand.gov.za](http://www.overstrand.gov.za) geraadpleeg word en gedrukte kopieë sal by administratiewe kantore op Hermanus, Gansbaai, Kleinmond en Stanford asook by openbare biblioteke beskikbaar wees.

Die raad sal die jaarverslag tesame met al die kommentaar en vertoë wat ontvang word op 'n vergadering wat op 28 Maart 2012 gehou sal word, oorweeg. Die vergadering sal vir die publiek toeganklik wees.

Die Burgemeester het 'n beroep gedoen op alle rolspelers, veral die belastingbetalersverenigings en gemeenskapsorganisasies om die dokument te gebruik om die munisipaliteit van terugvoer, voorstelle en kommentaar te voorsien aangesien Overstrand tans besig is om sy Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) vir die volgende vyfjaarsiklus op te stel. Sy het gesê dat baie uitdagings in die dokument aan die lig gebring word en dat, gegewe die huidige verlangings van die ekonomie, dit nie maklik gaan wees om die uitdagings die hoof te bied nie. Moeilike besluite sal geneem moet word en daar sal op die gemeenskap se insette staatgemaak word om ons in die regte rigting te lei.

Sy het personeel bedank vir die professionele leierskap wat hulle voorsien het en gesê dat dit weer eens bewys is dat menslike hulpbronne die munisipaliteit se grootste bate is.

In sy laaste verslag as munisipale bestuurder en rekenpligtige beampte het adv. Werner Zybrands daarop gewys dat die ongekwalifiseerde auditopinie aanduidend is van die gesonde finansiële bestuur van die Munisipaliteit, veral omdat die Munisipaliteit, as 'n hoë-kapasiteit instelling, verplig is om te voldoen aan die baie streng AARP (Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktijk)-voorskrifte.

### FOKUSAREAS VAN DIE NUWE GOP

Vyf fokusareas van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) vir die 2012 tot 2017 siklus word deur die Uitvoerende Burgemeester, rdl. Nicolette Botha-Guthrie, geïdentifiseer in haar voorwoord tot die jongste jaarverslag van die Munisipaliteit Overstrand. Die fokusareas behels die volgende:

- Basiese dienslewering wat, onder andere, die doeltreffende ontwikkeling, bestuur, bedryf en instandhouding van die munisipale infrastruktuur dek.
- Maatskaplike opheffing en ekonomiese ontwikkeling met die klem op die ontwikkeling van volhoubare mensevestigings, die skep van 'n omgewing wat bevorderlik is vir plaaslike ekonomiese ontwikkeling en die ontwikkeling van strategieë en projekte wat kwesbare groeperings sal ophef.
- Die optimalisering van finansiële hulpbronne aan die hand van doeltreffende finansiële bestuur.
- Goeie regering, gerugsteun deur doeltreffende samewerkende regering binne die konstitusionele mandaat, doeltreffende kommunikasie en gemeenskapsbetrokkenheid, en gesonde munisipale administrasie.
- 'n Veilige en gesonde omgewing waarbinne, onder andere, doeltreffende openbare veiligheid en rampbestuur en die doeltreffende bestuur van die omgewing bevorder word.



### VEILIGHEID EN SEKURITEIT EERSTE

Kragtens sy mandaat is Hermanus Public Protection (HPP) voortdurend op soek na maniere om die veiligheid en sekuriteit van inwoners en besoekers wat gebruik maak van openbare ruimtes binne die geografiese gebied wat aan hom toegewys is, te verbeter. Gedurende die afgelope somervakansietyd is 'n mobiele sekuriteitskiosk deur HPP in die Hermanusgebied voorsien en is dit daagliks deur sekuriteits- en wetstoepassingsbeamptes beman om klagtes te ontvang oor misdaad, die verontagsaming van munisipale verordeninge, en burgerlike onluste by groot geleenthede en misdaadgevaarplekke. Dit het ongetwyfeld daartoe bygedra dat die afgelope vakansieseisoen een van die bestes ooit in hierdie gebied was. By die ingebruikneming van die mobiele eenheid was van links Marius Hendriks (hoof van Wetstoepassing), Uitvoerende Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie, HPP se voorsitter Treurnicht du Toit, HPP-raadslid John Tunstall, lt. kol. Francois de Wet van Hermanus SAPD, en Wayne Bean en Quintin Gombert, albei van die sekuriteitsfirma ADT.

## ELEKTRISITEITAANKOPE KAN NIE GEKANSELLEER WORD NIE

Daar word gereeld versoeke vir die kansellering van aankoopbewyse vir voorafbetaalde elektrisiteit ontvang maar ongelukkig kan dit, om goeie rede, nie by Overstrand Munisipaliteit gedoen word nie. Die aankoop van elektrisiteit is 'n kontanttransaksie soortgelyk aan die aankoop van lugtyd vir u mobiele-telefoon. As dit eers afgehandel is kan die transaksie nie meer verander word nie.

Een van die vernaamste redes vir versoeke om kansellering is dat 'n foutiewe meternommer vir die kassier gegee word. Indien u teen iemand anders se meternommer elektrisiteit koop is dit u verantwoordelikheid om die betrokke eienaar/huurder te nader om die koepon by u oor te neem.

'n Ander probleem is dat vriende of kinders gestuur word om diensterenkinge te betaal maar die opdrag verkeerd verstaan en dan elektrisiteit

aankoop. Die verantwoordelikheid rus op die rekeninghouer om te verseker dat die korrekte inligting aan die kassiere deurgegee word.

Indien u diensterenking agterstalig is, word daar 'n sekere persentasie as hulpbedrag (met "aux" op die rekening aangedui) afgetrek. Indien u die volle agterstallige bedrag betaal moet u direk ná betaling eers na die invorderingsafdeling gaan sodat die "aux" verwyder kan word alvorens u elektrisiteit aankoop. Indien u nalaat om dit te doen sal daardie bedrag teen u rekening gedebiteer word.

Kliënte moet ook daarop let dat hul diensterenkingnommer nie op die elektrisiteitstrokie verskyn nie. Indien hulle 'n diensterenking ook wil betaal wanneer hulle kom elektrisiteit koop, moet hulle, indien nodig, eers 'n uitdruk van die rekening by die kliëntediens kry.



Die Direkteur van Gemeenskapsdienste, mnr Roderick Williams, het die belangrikheid van transportaktes aan begunstigdes van die behuisingsprojek verduidelik.

## TRANSPORTAKTES OP BETTYSBAAI OORHANDIG

Twaalf begunstigdes van die Bettysbaai-behuisingsprojek het 'n vroeë Kersgeskenk ontvang toe die Uitvoerende Burgemeester, rdl. Nicolette Botha-Guthrie, by 'n seremonie op Woensdag 21 Desember 2011 hul transportaktes aan hulle oorhandig het. Die Burgemeester het gesê dat sy baie opgewonde en verheug is om deel te hê aan dié hoogtepunt en dat dit die beste denkbare Kersgeskenk is wat sy aan iemand kan oorhandig. Sy het die wens uitgespreek dat die ontvangers hul huise sal oppas en goed daarna sal kyk.

'n Besondere kenmerk van die geleentheid was dat die transportaktes vir die eerste keer in Suid-Afrika versagel is van oudiokontrakte. Hierdie opgeneemde ooreenkomste wat deur Business Law: Informal Sector Solutions (BLISS) saamgestel is sal die begunstigdes bemagtig om private eiendomsreg te verstaan en om binne die bepalinge van die Wet op die Beskerming van Verbruikersregte te handel. Hierdie wet reguleer die voorsiening van dienste aan swak geletterdes en het ten doel om die sosiale- en ekonomiese welsyn van agtergeblewe verbruikers te bevorder.

Oudiokontrakte is 'n insigryke stap om plaaslike gemeenskappe wat 'n lae

geletterdheidsvlak het, met toepaslike kennis oor hul kontraktuele verhoudings toe te rus. BLISS het hierdie projek as 'n liefdadigheidsprojek onderneem om plaaslike regerings te ondersteun met hul dienslewering aan armes. 'n Soortgelyke projek word beplan vir die Kleinmond-ontwikkeling. Die provinsiale kantoor vir menslike nedersettings het ook reeds belangstelling in die kontrakte getoon.

Overstrand Munisipaliteit is onlangs deur Urban Landmark, 'n NRO wat daaraan toegewy is om plaaslike grondmarkte vir die armes te laat werk, geïdentifiseer as een van die min munisipaliteite in die land wat besig is om die regsprobleme wat met die oordrag van transportaktes verband hou, aan te spreek.

Volgens Urban Landmark verbeur Suid-Afrika die geleentheid om kollateraal ter waarde van biljoene rand op behuising wat deur die regering voorsien word te verkry; geld wat gebruik sou kon word om huise te verbeter, huishoudelike ware aan te skaf en selfs om kapitaal te leen om 'n klein besigheid tot stand te bring.

Slegs 1,44 miljoen van die 3 miljoen huise wat sedert 1994 deur die regering voorsien is, is formeel by die Aktekantoor geregistreer.



## WALSE, POLKAS EN MARSE


Twee topklas-konserte word oor die volgende paar weke deur Overstrand Arts/Kunste (OAK) in die Munisipale Auditorium te Hermanus aangebied.



**SATERDAG, 11 FEBRUARIE om 19:00:** Geniet 'n unieke geleentheid om een van die voortreflikste Weense ensembles te ervaar. Die *Johann Strauss Ensemble Wien* sal, met 'n outentieke vertoon van tipiese Weense bekoring, u vermaak met Weense walse, polkas en marse.

**SATERDAG, 3 MAART om 19:00:** Een van die wêreld se voorste koper-blaaskwintette, *Harmonic Brass Munich*, sal hoogtepunte van die klassieke musiek voordra onder die titel *Concerto Festivo!*

Skakel BELLINI by 028 312 4988 vir besprekings. Kaartjies kos R100 (R50 vir studente). Verdere navrae aan René du Plooy by 082 940 4238.



### LEWE VOLGENS DIE MORELE STANDAARD VAN



## RESPEK

Respek vir jou medemens is sekerlik een van die mees grondliggende waardes wat die morele karakter van die mens en sy/haar gemeenskap definieer. Dit bepaal grootliks hoe waardes soos omgee, regverdigheid, betroubaarheid en verantwoordelikheid gestalte vind in die houding en gedrag van mense teenoor mekaar en teenoor hul omgewing.

Wanneer ons aan respek as 'n waarde dink kom begrippe soos agting, eerbied en bedagsaamheid en gewoon goeie maniere na vore.

Respek reflekteer 'n diepliggende waardeerende en verdraagsame lewenshouding teenoor ander mense. Dit erken onvoorwaardelik ander se waardigheid, individualiteit, selfstandigheid en reg tot 'n eie mening. "Respect... is the appreciation of the separateness of the other person, of the ways in which he or she is unique" – Annie Gottlieb.

**Waarom hetten ons mense wat respek as morele waarde ervaar?**

- Hulle is inherent nederig en tree daarom altyd hoflik, beskaafd en verdraagsaam op teenoor ander, ongeag die omstandighede of die optrede van ander. Omdat ander se menswaardig-

heid vir hulle belangrik is, is hulle hoflikheid 'n eerbetoning aan ander mense.

- Hul betoning van respek word nie beïnvloed deur aspekte soos status, aansien, posisie, herkoms, ras, geslag of geloof nie.
- Hulle is altyd bereid om werklik te luister na ander en ten diepste te probeer verstaan wat die ander persoon voel en sê. Deur oogkontak en liggaamstaal wys hulle dat jy as mens en wat jy sê, vir hulle belangrik is.
- Hulle gebruik nie geweld of aggressie om konflik te hanteer nie maar eerder beskaafde gespreksvoering en wedersydse beïnvloeding.
- Hulle leef volgens die goue reël van "doen aan ander wat jy verwag ander aan jou moet doen".
- Hulle word gerespekteer deur ander omdat hulle respek betoon aan ander.

**Dink u die morele karakter van ons gemeenskap reflekteer 'n kultuur van wedersydse respek?**

Navrae: Ernst Kretschmer by  
082 412 4538 of e-pos:  
ernstes@vodamail.co.za

**NASIONALE BEDROG BLITSLYN 0800 701 701**

• **WOULD YOU PREFER THIS NEWSLETTER IN ANOTHER OFFICIAL LANGUAGE?** SMS your account number with **E** for English to 082 338 1631

• **UNGATHANDA LENCWADI YESAZISO-NDABA IBHALWE NGOLUNYE ULWIMI?** Thumela i-SMS enombolo ye-akhawunti yakho kunye no **X** omele isiXhosa kule nombolo 082 338 1631

